# <u>BESPREKING</u>: GOD SAL ALLE TRANE VAN HULLE OË AFVEE

<u>Oordenking deur</u>: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

**<u>SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING</u>: OPENBARING 21:4 en OPENBARING 7:17**

**Open 7:17 want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee.**

**Open 21:4 En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.**

**-o0o-**

**Onderstaande is 'n uiteensetting van 'n bespreking wat deur verskeie luisteraars deur WhatsApp met Gert du Plessis gevoer word**.

**<u>Punt van bespreking</u>: GOD SAL ALLE TRANE VAN HULLE OË AFVEE**

Vraag en antwoord oor die gedagte van "God sal al die trane van hulle oë afvee"

1. **Wanneer is die Skrif van toepassing**
2. **Hoekom is dit van toepassing**
3. **Wat beteken hierdie Skrif gedeelte.**

**<u>Uit die bespreking is die volgende onderwerpe aangevoer</u>:**

1. **Verdrukking**
2. **Val van Babilon**
3. **Versoening en Vergifnis**
4. **Die Dood is Oorwin**
5. **Troos en Trane Afvee**

-o0o-

**Open 7:9 Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;**
**Open 7:10 en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!**
**Open 7:11 En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid en gesê:**
**Open 7:12 Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen.**
**Open 7:13 Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom?**
**Open 7:14 En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.**
**Open 7:15 Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan.**
**Open 7:16 Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie;**
**Open 7:17 want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee.**

***

-o0o-

**Open 21:1 En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.**
**Open 21:2 En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.**
**Open 21:3 En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.**
**Open 21:4 En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.**
**Open 21:5 En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.**
**Open 21:6 En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.**
**Open 21:7 Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees.**
**Open 21:8 Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.**

-o0o-

## VERDRUKKING

**VRAAG**: ***Middag. Ek het gisteroggend hierdie gelees. Hier staan dat daar nog 'n groot menigtes ontelbaar tot bekering gaan kom wat deur die verdrukking moet gaan.***

**Open 7:14 En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.**

**VRAAG**: ***As ek hier lees is daar mense wat nog tot bekering moet kom, sal die Heilige Gees daar wees?***

**VRAAG**: ***Dan gaan niemand anders mos in die tyd van verdrukking tot bekering kan kom nie? Dis tog die Heilige Gees wat oortuig.***

* * *

**GERT: Die Bybel sê hul harte sal verhard. Al die skade, al die plae en dinge wat God op die aarde sal bring, sal hulle hul harte verhard.**

1) Dit is net die Heilige Gees wat 'n mens kan oortuig van sonde. God het hulle die Heilige Gees gegee om hulle te help, hulle het dit verwerp en nou sal hulle op hul eie moet maak.
    a) Christus Jesus, ons Hemelse Bruidegom, het vir ons die grootste geskenk gegee in die vorm van die Heilige Gees, Sy lig om vir ons te help en te onderrig, om tot vervulling te kom wat God die Vader beplan het in ons lewensboek voor die grondlegging van die aarde. *Ps 32:8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees*
        i) Ek en jy weet nie wat staan in daardie boek geskrywe nie. Ons was egter daar, maar in 'n heel ander vorm as nou voor die grondlegging van die aarde. Al manier hoe ons dit gaan maak is as ons toelaat dat die Heilige Gees ons die leiding gee, Hy ons transformeer en ons leer na die perfekte persoonlikheid wat God die Vader oor ons geprogrammeer het in die vorm van ons naam. En nie net die transformasie nie, maar ook die perfekte wil van God vervul in ons lewe. Dit is waarom die Heilige Gees daar is.
    b) Dit is eintlik die Heilige Gees wat terugkeer hemel toe, want Hy is 'n "hemelse bestanddeel", 'n persoonlikheid wat in die hemel behoort. Heilige Gees is net tydelik op aarde. Daar sal egter 'n dag aanbreek waarop Heilige Gees moet terugkeer na die hemel. Dit is dan wanneer Christus Sy Bruid kom haal. Die wat dan in verhouding staan met Sy Lig, die Heilige Gees gaan dan weg as die Bruid in die wegraping.
    c) Diegene wie dan NEE gesê het vir daardie geskenk, hulle moet dan op hul eie reg kom. Met ander woorde hulle sal dan die pad van vervolging deur die antichris self moet wandel. Maar God se engele sal hulle nog steeds tot 'n mate beskerm, help en lei. Ter opsomming, die engele sal steeds daar wees om hulle te beskerm, maar nie die Heilige Gees nie.

.

-o0o-

2) Dit sal wees soos net voor Jerigo, tydens die val van Babilon, en die val van Ragab die hoer. Ek het voorheen verduidelik Ragab die hoer se huis was beskerm. (Josua 6; Heb 11:31; Jak 2:25). Dit beteken:
   a) Die bediening was beskerm.
   b) Die huis van die bruid was beskerm, maar die res van die stad het almal geval, slegs haar huis het bly staan en sy en haar gesin is gered, die res het omgekom.
   c) Maar die 2 verspieders wat 'n simboliek is van die Woord en die Heilige Gees het vir Ragab gesê: *As jy of enige iemand buitekant of jou familie buitekant die huis is, is ons van hierdie eed ontslaan. Dan is hulle bloed op hul eie hoofde*. (Josua 2)
3) Dit is die belangrikheid daarvan om in 'n bediening en aan 'n geestelike huis te behoort. Al het jy gister tot bekering gekom sal jy nog steeds deel wees van die wegraping (rapture). Dit is die HUIS (huisgesin) wat weggeraap sal word. Nie net die bruid nie, maar die hele gesin in die bediening.
   a) Nie almal is bruid nie. Daar is mense besig met 'n transformasie proses en daarom sal hulle ook weggeraap word, want hulle is deel van die bediening, deel van die liggaam van Christus. Al is hulle 'n geestelike babatjie in die huis, maak nie saak nie, hulle is deel van die huis van God.
4) Maar die wat dan agterbly, (die simboliek van) die Josefs en die Benjamins (Gen. 35:24) gaan deel wees van die verdrukking. Hulle gaan mekaar ontmoet in Egipte wat 'n tipe is van die groot verdrukking. *(Josef was in Egipte, Benjamin het by hom aangesluit. Gen. 45)*

-o0o-

**<u>GERT</u>: Hulle gaan <u>nie IN</u> die verdrukking tot bekering kom nie. Dit is wat Romeine 8 van praat. Die volheid van die heidene (gentiles) wat moet inkom. Ek het dit in vorige lesings verduidelik.**

1) Dit is mense wat wanneer die Babiloniese sisteem (Romeinse Ryk) gaan val, se oë sal oopgaan en sal sien dat hulle die hele tyd op 'n valse sisteem vertrou het. Dit is die **<u>Josef</u>** wat daar gebou gaan word.
   a) Dit is die gelowiges, <u>die **Josefs**</u> wat in Christus Jesus is maar nie Bruid is nie, nie die skeppingsdoel vervul het nie, maar diegene wie se hart opreg en vasgevang was in die bande van die Babiloniese sisteem
      - en dit kan mense wees wat onkundig is,
      - of aan die Katolieke kerke of sekere kerke vas gevang was in die Babiloniese sisteem maar nou bevry sal word wanneer God hulle die Babiloniese sisteem tot niet sal maak.
   b) Die mense se harte is opreg, maar hulle het nie die regte leierskap wat hulle reg geleer het nie. Dit is waarom Eségiël 36 daar is, wanneer God die <u>leiers</u> sal oordeel, nie die mense sal oordeel nie. Dit is nie die mense se skuld nie. Dit is die leierskap se skuld dat hulle nooit die regte evangelie oorgedra het nie. Dit is nie 'n tweede kanse nie.
*2)* Die Heilige Gees is nog hier. Die oordeel sal kom met die val van die hoer *(Verwys asseblief na die afsonderlike lesing oor "<u>Die Val van die Babilon, die val van die Hoer</u>).* Die openbaarmaking van die Bruid gebeur wanneer die klip weggerol word en die bekering gebeur. *(Verwys na lesing "<u>Deelgenoot van Hemelse Roeping</u>" Heb 3:1-11 = Paragrawe 2 tot 4: Begrafnis; Onderbewussyn; Verbond)*
   a) Die aardbewing sal plaasvind, wanneer die klip weggerol word.
   b) Die opstanding sal plaasvind, dan sal die ware evangelie die Bruid sien.
   c) Die Bruid sal vir hulle sê dit is die regte pad, dan eers sal die ware bekering kom.
   d) Die mense sal nie godsdienstige sisteme aanhang nie, maar tot ware bekering kom.

3) Dit is wanneer Josef gebore word, wanneer die volheid van heidene (gentiles) ingekom het, hulle wie se name geskryf is in die boek van die lewe voor die grondlegging van die wêreld, maar wat vasgevang was in die Babiloniese Sisteme en goed, sal God hulle dan bevry deur die Bruid. Sy sal dan die volheid van die heidene baar en as almal ingekom het dan sal die hele Israel gered word (Romeine 11).

4) Dan word Benjamin gebore en Ragel het gesterf by die geboorte van Benjamin.

5) Wanneer daardie 2 groepe mense tot inkeer gekom het, dan sal die Bruid weggeraap word met die Heilige Gees. Daardie 2 groepe mense, Josef en Benjamin is nog steeds op die aarde maar hulle is nie deel van die Bruid nie en moet dan deur die verdrukking gaan. Juis teen <u>hulle</u> gaan die vervolging kom in die tweede helfte van die 7 jaar (3 ½ jaar). Dit is juis teen hulle dat die groot verdrukking sal plaasvind.

-o0o-

Ek wil die luisteraar (en lesers) aanmoedig om die lesings wat ons uitstuur te bestudeer en verstaan. U moet dit nie net lukraak luister en lees nie, maar bestudeer dit. Ek (Gert) is slegs die geestelike vader wat die brood vir u breek en u moet dit inneem en geestelik eet.

-o0o-

## VAL VAN BABILON

Hierdie onderwerp word wel meer breedvoerig bespreek : *"Die Val van die Babilon, die val van die Hoer"*

**VRAAG**: ***Hy maak alles nuut?***

**VRAAG**: ***Na die val van Babilon?***

**GERT:** Ja dit sal beslis wees na die val van Babilon.

1. **Na die val van Babilon word die Bruid weggeraap**:
   1) Met die val van Babilon word Josef en Benjamin gebore.
   2) Die volheid van die heidene (gentiles) kom in en die hele Israel word gered volgens Romeine 11 en
   3) dan vind die wegraping plaas en die Bruid word weggeneem na die hemel,
   4) hel breek los op die aarde, die aarde word vrot, want die Lig en sout is weg, duisternis en donkerheid val die aarde toe.

2. **Dit is waarom Jesus sê, werk terwyl dit dag is, want die nag kom wanneer niemand kan werk nie.**

   *Joh 9:4 Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het, so lank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie.*
   1) Dit is nie fisies nag nie.
   2) Die Heilige Gees is dan nie meer op aarde nie en werke kan dan nie meer gedoen word sonder die Heilige Gees nie.
   3) Die Evangelie kan nie meer verkondig word nie.
   4) Werk terwyl dit dag is. Werk terwyl die Lig nog by julle is. Daar kom 'n tyd wanneer dit nag word en niemand kan werk nie, wanneer Lig weg is en die Bruid weggevoer is.

3. Ek het van te vore verduidelik die **Boek Openbaring is die openbaring van Christus deur Sy Bruid.**
   1) Hy kom eers in Openbaring 19 weer af na die aarde toe.
   2) Deur Sy Bruid sal Hy homself openbaar. Sy vrou, Sy getuienis,
   3) Die wat in Verbond (Covenant) is met Hom gaan help om Hom te openbaar aan die mense daar buitekant.
   4) Dan gaan hulle Christus in ons lewens sien. Dit gaan maak dat hulle die verskil sal agterkom, want dan as die oordeel kom, gaan die oordeel op die hele sisteem val, behalwe op die Bruid.
   5) Sy sal niks oorkom nie. Net soos Ragab se huis niks oorgekom het nie net so sal al die mure van Jerigo val, behalwe Ragab se huis sal bly staan. Dan sal mense weet ons is die draers van die Rhema Woord.
   6) Ons is die draers van die Bruid, dan sal hulle na ons storm en sê ons wil saamgaan want God is met jou. By die konferensie het ek verduidelik van die Joodse man se kleed aangegryp, die liggaam van Jesus se kleed ek wl met jou saamgaan, want die Here is met jou.

*__Nota__: Die woord **Rhema** is uit die Grieks en dit beteken letterlik om 'n **uitering te maak of om iets te sê**. Die Rhema Woord is die Woord van God soos dit geopenbaar word deur die Gees van die Here.*

*In Johannes 16:12-13 beskryf Jesus die Rhema Woord in detail aan sy dissipels:* "[12] Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie. [13] Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig."

*Met ander woorde, liewe leser, die Rhema Woord is dinge wat die Gees van die Here aan ons bekend maak deur Sy Wil. Dis dinge wat die Gees van God in ons geestelike ore fluister en waardeur sekere konsepte van God se Logos Woord aan ons verduidelik word.*

*Die wegraping is 'n uitstekende voorbeeld van Rhema Woord. Die woord* "wegraping" *kom nêrens in die Bybel voor nie, maar ons weet dit is waar en dat dit gaan gebeur, want die konsep daarvan word gestaaf in God se woord! (Met dank aan: Suiderkruis)*

-o0o-

**4. Dit is dan wanneer sulke dinge gebeur:**

1) Die volheid van die heidene (gentiles) kom, Israel word gered, wegraping vind plaas,
2) Chaos breek op die aarde los,
3) Christus kom weer terug na 7 jaar met Sy bruid, Sit Sy voete op die Olyfberg, Olyfberg kloof middeldeur,

   ***Sag 14:4*** *En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide.*

4) Die dier en die valse profeet word gebind in die poel van vuur gewerp,

   ***Open 20:10*** *En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.*

5) Satan word gebind met al sy demoniese magte,

   ***Open 20:3*** *en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word*

6) Demone gaan Abyss toe,
7) Satan en sy gevalle engele word in die tartarus gesit en

   ***2 Pet 2:4*** *Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word;*

8) Daar is vrede en rustigheid op die aarde vir 1000 jaar lank en niemand kan sonde doen nie, geen siekte geen pes nie, geen kwaal nie, geen vloek meer nie. En so sal daar vrede op die aarde wees. Dit sal weer wees in die tyd van Adam en Eva in die paradys gelewe het.

   ***Jes. 65:17-19*** *Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie.*
   *Maar wees julle bly en juig vir ewig oor wat Ek skep; want kyk, Ek skep Jerusalem om te juig, en sy mense om bly te wees.*
   *En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor my volk; en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geween of die stem van geskreeu nie.*

9) Die wolf en die lam sal langs mekaar wei, die wolf en die kind sal speel by die gat van adder en hy sal vat aan die keel van die basilisk (adder). Daar sal vrede wees en hy sê die kind sal die wilde diere lei.

   ***Jes. 65:25*** *Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos 'n bees, en stof sal die voedsel van die slang wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê die HERE*
   ***Isa 11:6-9*** *Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja.*
   *Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os;*
   *en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk.*
   *Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek.*

10) Maar dan na 'n 1000 jaar maak God die satan los, gaan oor die 4 hoeke van die aarde, maak die Gog en Magog bymekaar en dan kom hulle in 'n leer opgestaan teen die mag van God dan kom Armageddon en dan vuur van God dit verteer uit die hemel uit.

    ***Open 20:7-8*** *En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word;*
    *en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.*
    ***Open 16:16*** *En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon*
    ***Open 20:9*** *En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.*

11) Dan kom die **wit troon** oordeel
    a) Die oordeel word plaasgevind,
    b) die ongelowiges word almal in die poel van vuur gewerp en
    c) dan verskyn hierdie gebeurtenis,
       - dan staan hierdie mense voor die troon.
       - Die wat deur die verdrukking gekom het, staan dan voor die troon.

-o0o-

Kyk nou hoe ver is dit na die val van Babilon. Meer as 'n 1000 jaar daarna. Nou eers kom staan die mense voor die wit troon wat deur die groot verdrukking gekom het.

> ***Open 20:11-15*** *En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.*
> *En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.*
> *En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.*
> *En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.*
> *En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.*

<u>Maar nou moet ons een ding onthou:</u> Op die troon sit die Lam en Sy Bruid. Dit is hierdie mense wat in die 1000 jaar saam met Christus geregeer het as konings. Lees jou Bybel.

- Die mense wie deur die groot verdrukking gegaan het gaan net 'n 1000 jaar saam met Christus regeer.
- Die dier en sy beeld nie aanbid het nie.
- Dit is die Josefs en Benjamins wat deur die verdrukking gekom het. Wat voor die verdrukking met die val van die hoer tot bekering en wedergeboorte gekom het, name geskryf is voor die grondlegging van die wêreld wat nou deur die verdrukking gekom het, NA die satan oorwin is, vasgemaak is. *en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.* Hulle sal saam met Christus 1000 jaar regeer.

> ***Open 20:4*** *En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.*

> ***Open 22:1*** *En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam.*
> *In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies.*
> *En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien.*
> *En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees.*
> *En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.*

**<u>Dit is die verskil:</u>** Die wat deur die verdrukking gekom het, sal net 1000 jaar regeer. <u>Daarna</u> gaan die Bruid saam met Hom regeer tot in alle ewigheid.

-o0o-

## <u>VERSOENING EN VERGIFNIS</u>

**<u>VRAAG</u>**: ***Die afvee van die trane kan ook verband hou met die uitvee van al ons sondes en dade wat opgeskryf is in die boek oor ons lewe en soos God die trane afvee, so ook vee Hy uit ons sondes en die dood vir ewig***

**<u>GERT</u>**: Die Bybel sê vir ons as God ons sondes vergewe het, dan verwyder Hy ons sondes so ver as die ooste van die weste en dink nooit weer daaraan nie. Dit is juis die bloed van Jesus wat vir ons versoening bring en vergifnis gee.

***Ps 103:12*** *So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.*
***Heb 8:12*** *Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie.*
***Mar 14:24*** *En Hy sê vir hulle: Dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word.*

-o0o-

> ***Efe 1:7*** *In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade,*

Dit is nie die toeval van die trane nie en ook die dood wat dan op ons dan geen effek het nie. Christus is die eersteling  in die opstanding, daarom is die Bruid die eersteling in die opstanding.

Die Bruid volg Hom, sy het agter Hom aangegaan toe Hy haar roep: *Isa 60:1  Arise, shine; for thy light is come, and the glory of the LORD is risen upon thee*. Só het sy dan Bruid geword.

- Daarom sê Hy verloën jouself, neem jou kruis op en volg My.
  *Mat 16:24  Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg)*
- Vir daardie "volg My" beteken dat sy op dieselfde pad presies op Sy voetspore loop. Soos wat Hy die pad oopgemaak het, so volg sy Bruid Hom.  Presies dieselfde pad wat Hy geloop het, loop sy.  Dit het niks te doen met die afvee van die trane nie.

-o0o-

## DIE DOOD IS OORWIN

**VRAAG**: **Die dood is vir ewig oorwin.**

**GERT**:  Die dood word alreeds vir ewig oorwin met wedergeboorte.

Dit is hoekom die Bybel praat van wedergeboorte sodat jy nie meer sterf nie. 'n Gelowige sterf nie meer nie, Hy verhuis net anderkant toe. Hy lewe vir ewig. So wedergeboorte vind plaas, dood word oorwin by wedergeboorte.

-o0o-

## TROOS EN TRANE AFVEE

**VRAAG**:  ***Soos ek dit verstaan is die trane vir die wat dit nie gemaak het nie en wanneer God self dit afvee is daar niks meer oor van die hartseer nie, dis uitgewis uit ons geheue. Want hoekom anders sal mens huil as in daardie wonderlike plek?***

**VRAAG**: ***Soos ek dit verstaan is die trane vir die wat dit nie gemaak het nie***

**VRAAG**: ***Die trane word afgevee en die lewende water vloei***.

**GERT**:  Die Bybel praat van strome van lewende water sal uit julle binneste borrel. Dit is die Heilige Gees.

> *Joh 7:38  Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.*

- Wanneer jy gevul word met God se Gees kan jy nie anders praat as om die Bruidegom te verheerlik nie. Daardie strome van lewende water – jy kan net lewe spreek.
- Daardie Gees wat in jou is, spreek dan deur jou uit.
- Dit is 'n fontein van water wat uit jou binneste vloei.
- Die Heilige Gees borrel uit jou soos 'n fontein wat oorloop.
- Jy kan net getuig van een iets – dit is van jou Bruidegom, dis al.
- Die laaste gedeelte van Openbaring gee die antwoord van die trane afvee.

**KOMMENTAAR**:

*Hallo Familie.  Ek groet julle in die wonderlike naam van Jesus Christus.*

*Ja Gert, ek geniet die tipe vrae en dit laat 'n mens verder dink, al is ek by die werk besig, oordink ek die betekenis en waar gaan dit van toepassing wees.*

*Ek dink dit gaan van toepassing wees in die Nuwe Jerusalem. Daar waar die Vader saam met ons gaan woon, waar Hy die Lig sal wees, waar Hy die trane afvee en waar Hy die dinge nuut sal maak. Die ou dinge daar dan*

*tot 'n einde en van daar af vorentoe is alles nuut. Want ons gaan deur baie smart op hierdie aarde. Ons is deur diep waters, baie gehuil, baie trane en die mense wat deur die verdrukking gaan nog erger. Daar kom hulle ook in maar hulle is in. Hulle trane word afgevee. Die Here maak dit bekend. Julle is in. Van nou af vorentoe saam met My lewe.*

*Saam met hierdie vraag, dink ek nou heeltyd "Hoe gaan dit werk in die hemel". Dit is hoekom ek so baie hou van hierdie vrae. Nou kom jy agter een van jou geliefdes is miskien nie daar nie. "Gaan ons 'n memory hê" Hy gaan al die trane wegvat. Dit gaan nie hemel wees as jy 'n "memory" het as jou geliefdes nie daar is nie. Die vraag maak dat jy dit verder dink.*

*My opinie is dat die trane word afgevee in die Nuwe Jerusalem. Ek groet julle.*

GERT: "F" jy het hom presies. Dit is baie waar wat "F" sê. Wanneer ons terugkyk, veral die ouer mense. Die trane en die hartseer, die pyn en ellendes. Die aarde word geken met pyn en ellendes en nou kom ons aan die einde van tyd. Nou kom die oordeel. Onthou die ou hemel en die ou aarde word tot niet gemaak.

"F", daar bestaan nie meer so 'n ding soos 'n hemel nie.

- Dit is alles tot niet gemaak.
- Selfs geen engel sal kan onthou wat in hierdie era, hierdie tydsbestaan, hierdie kant van daardie oomblik gebeur het nie.
- God sal alles uitwis.
- Hy sal die trane van ons oë afvee. Dit is net 'n lewende God, Abba Vader wat regtig vir ons daardie vertroosting kan bring.
- Dit is eintlik die heling van die wonde, die wegvee van die trane.
- Dan herprogrammeer Hy ons hele wese.
- Ons sal aan hierdie kant van die tyd, kan daar niks, nie eers een gedagte van al die miljoene mense en engele en alles anderkant toe gaan nie. Want dan neem ons 'n saad van hierdie lewe soheentoe. Dan kan ons nie sê Hy het alles tot niet gemaak nie. Hy het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gemaak.
    - ❖ Dit vergelyk soos jy plant 'n enkele saadjie in die grond. Hy misluk. Nou plant jy 'n nuwe saadjie. Jy kan niks bind aan die nuwe plantjie wat nou groei, groot word en vrug dra, die 2 plante met mekaar verbind nie.

Dit sal net 'n lewende God se hand kos om daardie trane van ons oë af te vee. Ons sal aan niks van ons verlede saamneem nie. Dit is wat die Woord sê **God sal die trane afvee**. Hy sal die <u>vertroosting</u> bring, die <u>rustigheid bring, kalmte bring</u>. So asof dit nooit gebeur het nie.

Ons sal net die ewig lewe instap saam met Christus Jesus in Sy liefde. Hom geniet, die lewe geniet, God die Vader geniet, saam met hulle wat God beplan het om saam te gaan.

**Wat 'n Kosbare Gedagte** !!!!

-o0o-